10 September **Skrifgedeelte: Spreuke 24**
Fokusgedeelte: Spreuke 1:32a

Geestelike selfmoord

Daar is ’n staaltjie van ’n man wat te veel gedrink het. Toe sy gesondheid ingee, is hy dokter toe. "Jy sal die drank moet los", sê die dokter, "jy is besig om jou stadigaan dood te drink!" Ongeërg antwoord die man: "Makie sakie, ek's nie haastig nie!" Humor met 'n traan. “Makie sakie”, ons is nie haastig nie, sê die manne van Spreuke 1:32a. Hulle drink hulle nie dood nie. Hulle is besig met 'n ander soort selfmoord: *geestelike selfmoord*. Hulle dwaal stadig en geleidelik die ewige dood in. Maar hoor is min. *Die dood wag vir wie aanhou kwaad doen*, waarsku God (Spr 11:9). As God sê oordeel wag vir die ongelowige, dan sê Hy dit nadat Hy hom/haar oor lang periodes tot geloof en bekering opgeroep het. God se wysheid weergalm op elke terrein van die lewe (Spr 1:20-21). God vermaan mense om te luister (Spr 1:23-25). Die dwase, onkundige mens luister nie (Spr 1:24-25, 29). Enige regdenkende mens sal ophou met iets wat skadelik is. Deur van God af te dwaal, doen jy jouself groot skade aan (Spr 8:36). Wie van God wegdraai (Jer 8:5), sal daaronder ly (Jer 2:19). Wie afdwaal (Jer 5:6), wie terugdeins (Heb 10:38-39), wie weier om hom te bekeer (Hos 11:5), gaan vir ewig verlore (Heb 12:25). Wie aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op Hom (Joh 3:35). Hierdie waarheid van God moet jy dag vir dag aan die sondaars verkondig.

Sing: Psalm 5:10 Ds CN van der Merwe (Klerksdorp)